## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (**LW NIE** jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.
**QR kode op binneblad.**



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Petro | Rheeder | 06/07 |
| Judie | Kotzé | 06/08 |
| Celeste | Kriel | 06/08 |
| Max | Michau | 06/08 |
| Engela | Smit | 06/08 |
| Drikus | jv Rensburg | 06/09 |
| Jan | Schriven | 06/09 |
| Rhona | Stemmet | 06/09 |
| Jerry | van Reenen | 06/09 |
| Ella | Venter | 06/09 |
| Hester | Conradie | 06/10 |
| Arthur | Cumpsty | 06/10 |
| Elsabé | Fick | 06/10 |
| Tiaan | Huisamen | 06/10 |
| Louwrens | Venter | 06/10 |
| Niekie | de Lange | 06/11 |
| Jannart | Kreder | 06/11 |
| Larike | Kreder | 06/11 |
| Etta | de Wet | 06/12 |
| Burger | Erasmus | 06/12 |
| Nadine | Naudé | 06/12 |
| Liam | Visser | 06/12 |
| Danie | Schutte | 06/13 |
| Piet | van Wyk | 06/13 |
| John | Walters | 06/13 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

07 Junie 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
**Biddag vir Blindes**
10h00 L'Agulhas
Spesiale kollekte:
Lidmaatbediening
Kategese
**Donderdag**
11h00 Kommunikasie
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie
09h00 All Pay

**Sondag 14 Junie**
09h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Kategese
Spesiale kollekte: Suidpunt Jeug

**LIDMATE VERKIES TOT DIE KERK-RAAD** op die Kerkraadsvergadering van 26 Mei 2026:
Leier Projekte en Funksies:
Annamarie Judd
Ouderling Vuurtoringblok:
Alphia Schutte

**MSINGA-UITREIK:**Persone wat belangstel om deel te wees van Msinga-uitreik, 28 Junie tot 10 Julie, kontak asseblief vir Kobus Meyer by 084 514 2838.

Liewe Gemeente, dit het onder ons aandag gekom dat daar kinders in ons VAARDIGHEIDSKOOL is wat vanweë huislike omstandighede die volgende items DRINGEND benodig: seep, deodorant, waslap, tandepasta, tandeborsel, handdoek, sjampoe. As jy enigsins kan help om enige van bogenoemde items te skenk, sal jy dit asseblief by die Kerkkantoor (Di.-Do, 08h00 tot 12h00) kan afgee? Merk net jou pakkie VAARDIGHEIDSKOOL. 'n Finansiële bydrae sal ook welkom wees. Merk net jou koevertjie weer eens VAARDIGHEIDSKOOL. Johanna Kriel (082 978 5404) sal dit persoonlik gaan afgee. Al gee jy net een item, sal dit waardeer word. Plant 'n saadjie van welwillendheid plaaslik.

### FINANSIëLE JAARSTATE

Die geouditeerde finansiële state vir 2025/2026 is beskikbaar in die Kerkkantoor vir gemeentelede. Die state mag nie verwyder word nie en mag ook nie gefotostateer word nie.

**Teksvers:** 1 Pet2: 21 - Julle is immers hiertoe geroep, want Christus het ook ter wille van julle gely; Hy het vir julle 'n voorbeeld nagelaat, sodat julle in sy voetspore kan volg.

## Ons bid vir...

1. Predikante en gemeenteleiers wat daagliks mense geestelik en prakties ondersteun.
2. Vrede, stabiliteit en hoop vir die mense in Kuba, waar tekorte aan brandstof, elektrisiteit, voedsel en noodsaaklike medisyne tans byna elke huishouding raak.
3. Ons Regering en munisipaliteite wat 'n omvattende taak het om alles weer te herstel na die onlangse stormskade in ons provinsie.
4. Elke mens wat in nood verkeer en/of hartseer of bedruk voel.
5. Armoedeverligting.
6. Diegene met gesondheidsprobleme.
7. Warm harte en oop hande, dat ons nie by mekaar verby moet leef nie.

## Vir ons kinders

### "Do you follow Jesus this closely?"

Wilmi Wheeler het 'n artikel hieroor in VRYDAGNUUS geskryf. Sy het baie naby aan 'n motor gery en sien toe die plakker op die motor se buffer ("bumper"):

**Do you follow**
**J E S U S THIS CLOSELY?**

Sy sê dit is eintlik gemik op bestuurders wat só naby ry dat jy wonder of hulle saam met jou huis toe kom. Verder vra sy nie of ek GLO in Jesus, of of ek KERK toe gaan nie, maar VOLG ek Hom so naby? Julle sal weet, as jy naby iemand ry moet jy vinniger reageer as wanneer jy 'n veilige of ver afstand van hom hou. Jy moet rem as hy rem, so nie kan jy in hom vasry! Jy kan nie eens lekker rondkyk nie, jy moet OPLET! Jy verloor BEHEER oor jou ritme! Ons hou baiekeer 'n veilige afstand as dit by Jesus kom. Ons bly naby genoeg om Hom te sien; om te sê ons volg Hom, MAAR ver genoeg dat ons nie skielik hoef te rem as Hy van rigting verander nie. Met sekere dinge (ons tyd, gemak, ongemaklike gesprekke en waar dit moeilik raak om te vergewe) volg ons Jesus op 'n verder afstand, want afstand kan gerieflik wees! Wilmi Wheeler skryf dat ons nie die vraag: "Do you follow Jesus this closely," net as 'n vingerwysing moet ervaar nie. Kom ons sien dit eerder as 'n wakkerskud-vraag wat ons noop om weer na te dink oor ons volgelingskap van Jesus - ALTYD in sy SPORE.

## Doen & Deel

### KONINKRYKSTYD

(oftewel "gewone tyd") Professor Elna Mouton sê oor Koninkrykstyd soos volg: "Ons word geroep om die gawes wat ons tydens Pase en Pinkster ontvang het, in die gewone gang van elke dag uit te leef, dit wil sê die opgewekte Jesus sigbaar te maak in wat ons DINK, DOEN en SÊ." In die laaste Kerkraadsvergadering is ook verduidelik dat ONS die koninkryk van God op aarde moet laat kom. Koninkrykstyd begin die Sondag na Pinkster (Drie-eenheidsondag) en strek tot die Sondag voor Advent. Die fokus val op DISSIPELSKAP, GROEI en GELOOF en die UITLEEF van die Christelike lewe in die wêreld. Simbole: GROEN en tasbare simbole soos 'n GROEN BOOMTAK (groei in die geloof); PLAKKIES (om Jesus te volg) en 'n AARDBOL (omgee vir die wêreld).

**WIE BREI SAAM?** Ons wil musse brei vir uitreike, hetsy STRAATWERK of elders. Kontak Joanie vir 'n breipatroon by 072 5193170.

### DANKIE VIR

1. Christa-Marié Williams, Karin Michau, Anton Schutze en almal van die Suidpuntkoor wat Saterdag deelgeneem het aan die NG Kerk Bredasdorp se MUSIEKKONSERT wat Madelé Burger gereël het. Die items was SKITTEREND!
2. Rika Carstens en Suzette Fraser wat breipatrone vir die brei van musse vir Straatwerk en elders met ons op die Netwerkgroep gedeel het. Dankie vir almal wat brei of wol skenk.
3. Johan Hattingh en die Keniaspan wat die lekker hoenderbraai met vetkoekies en slaai voorberei en verkoop het.
4. Vir al die klere, sê Ella, wat Diens van Barmhartigheid geskenk het vir vissermanne in Struisbaai-Noord. Ella Johnson sê sy het alles uitgedeel.
5. Items wat by die Kerkkantoor afgegee is vir STRAATWERK.
6. Johanna Kriel wat die seep, waslappe, ensovoorts by die VAARDIGHEIDSKOOL sal besorg wat by die Kerkkantoor ingedien word.

**ASSEBLIEF** Ons benodig mense om te help met die klank. Opleiding sal verskaf word. Kontak die Kerkkantoor.